

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 8, NO 6 JUNIE 2002

REDAKSIONEEL

DIE WAARHEID LIEFHÊ

God eis in die negende gebod van sy verbondswet dat ons geen valse getuienis teen ons naaste sal spreek nie. Dit is 'n negatiewe gebod, 'n verbod. Positief beteken dit: 'In regsake en alle ander handeling moet ek die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder'. So bely ons dit in Sondag 43 van die Kategismus.

Hierdie belydenis moet in alle opsigte beleef word. In die persoonlike lewe moet elke kind van God daarop ingestel wees om die waarheid lief te hê. Dit is meer as om nie te lieg nie, nie die feite tot jou eie voordeel te verdraai nie, nie te skinder en kwaad te stook en onmin te saai nie. Die waarheid liefhê kom daarop neer om in alles die verlossing in Christus uit te leef. Om elke oomblik van die dag welbewus onder die leiding van sy Gees en Woord te staan. Dit eis soms groot opofferings. Die waarheid maak by tye seer. Die waarheid bring oneerlikheid na die oppervlak. Die waarheid verdra geen gekonkel nie. Die waarheid maak skeiding tussen reg en verkeerd.

Uiteindelik werk liefde vir die waarheid helend. Soos dit in 1 Korintiërs 13 vers 6 geskrywe staan: 'Die liefde is bly saam met die waarheid'. Inderdaad. Waar waarheid in liefde gesoek word, heers daar 'n blydskap wat alle verstand te bowe gaan. In teenstelling met valsheid en leuen wat agter die rookskerm van 'n oneerlike gekonkel en verdagmakery vertroetel word.

Wat vir elke gelowige persoonlik geld, geld ook vir die gemeenskap van gelowiges in geheel. Die kerk van Christus moet in eenheid van geloof die waarheid liefhê. Dit verg volgehoue en onbaatsugtige ywer. Sake moet oop en eerlik met mekaar bespreek en deurgepraat word. Alles wat geskryf word, ook in hierdie blad, moet liefde vir die waarheid adem. Dit kan slegs geskied as gelowiges saam voor die Here en sy Woord buig. Liefde vir God is immers die eerste been van die groot gebod. Van daaruit moet elkeen sy naaste se eer en goeie naam na die beste van sy vermoë verdedig en bevorder – die tweede been van die liefdesgebod.

Gesprek met die kuratorium

In vorige uitgawes van *Waarheid en Dwaling* is melding gemaak van 'n gesprek wat tussen die kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom en die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel gevoer sou word. Die gesprek het tot op dese nog nie plaasgevind nie. Die belangrikste rede hiervoor is die feit dat daar nie op 'n agenda ooreengekom kan word nie. Die vereniging het die kuratore reeds in November 2001 vir 'n gesprek genader, sodat gepraat kan word oor die kuratore se toesig oor die teologiese opleiding. Die referate wat tydens die vereniging se jaarvergadering gedurende Oktober 2001 gelewer is en in *Waarheid en Dwaling* van daardie maand gepubliseer is, sou as agenda vir die gesprek dien. Die kuratore het op hulle beurt ook 'n gesprek met die vereniging aangevra. Hulle wil onder andere praat oor vermeende onwaarhede wat in *Waarheid en Dwaling* oor die Teologiese Skool Potchefstroom geskryf is.

Liefde vir die waarheid moet daartoe lei dat medegelowiges mekaar onvoorwaardelik voor die aangesig van God kan aanspreek. As daar onwaarhede oor die Teologiese Skool gepubliseer of gesê is, moet dit reggestel word. God eis dit. Aan die ander kant: as die kommer wat daar oor die Teologiese Skool bestaan geregverdig is, moet dit aangespreek en reggestel word. Dit eis God eweneens. Die hoop word uitgespreek dat daar binnekort 'n sinvolle en opbouende gesprek kan plaasvind – ooreenkomstig die eis van die negende gebod.

Redaksionele nota

Met leedwese maak die redaksie bekend dat ons eindredakteur Dr JG Meijer op Donderdag 27 Junie oorlede is.

Mag ons Hemelse Vader sy familie troos en versterk in hierdie beproewing.

In hierdie lig het die redaksie besluit om ds GJ Meijer tydelik as eindredakteur van *Waarheid en Dwaling* aan te wys.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Die waarheid liefhê
- 2 **Skrifoordenking**
Danklied van die verlostes
Dr AH Bogaards
- 3 **Aktueel**
Soewereiniteit in eie kring - dr A Kuyper se credo
Dr JG Meijer
- 6 **Fokus**
Verraad of reddingsdaad?
Ds ALA Buys
- 8 **Op die kerkerf**
Hulle wat treur oor die kerkerf
Prof VE d'Assonville
- 9 **Rekenaar en internet**
In Kerkregstraat
Dr AH Bogaards
- 10 **Mediese etiek**
Die huwelik en moderne onvrugbaarheidsbehandeling
Prof JM Boon
- 11 **Persskou**
 - *Omgang met die belydenis*
 - *Koffietafel-acta*Ds GJ Meijer
- 12 **Gebed van Calvyn**

Danklied van die verlostes

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Psalm 107:4-9

Hulle het gedwaal in die woestyn, op woeste paaie; 'n stad om in te woon het hulle nie gevind nie. Honger, ook dors was hulle; hulle siel het in hulle versmag. Toe het hulle die HERE aangeroop in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle gered. En Hy het hulle gelei op 'n regte pad om te gaan na 'n stad om in te woon. Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders; want Hy het die dorstige siel versadig en die hongerige siel met die goeie vervul.

Lees: Ps 107

Psalm 107 het as opskrif: Danklied van die verlostes. Die Psalmdigter roep die kerk van sy tyd en God se volk van vandag op tot danksegging: 'Loof die HERE'. Daarvoor is daar alle rede, 'want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid'. Die HERE se goedheid is geopenbaar in sy verlossingswerk.

Na die inleiding, wat strek tot by vers 3, gee die Psalmdigter vier voorbeelde van die HERE se reddingswerk wat ons dring tot lofprysing. Vier flitse uit die geskiedenis laat sien hoe goed die HERE vir sy kerk is. Vier noodsituasies word voorgehou, en hoe die HERE sy kinders telkens daaruit verlos het. Eerstens word verhaal hoe die HERE verlos het uit die woestyn (vv. 4-9), tweedens hoe Hy gered het uit die gevangenis (vv. 10-16), derdens hoe Hy verlos het van siekte (vv. 17-22) en vierdens van doodsgevaar op see (vv. 23-32).

Hierdie gedig is wonderlik mooi opgebou. Na die inleiding word die Psalm in vier dele verdeel. Elkeen van hierdie vier dele het weer 'n vaste patroon: Eerstens word die *nood* van die kerk geteken; tweedens word vertel hoe die volk *gebid* het; derdens maak die digter melding van die gebedsverhoring, hoe die HERE sy volk *verlos* het uit hulle nood; en vierdens word die kerk opgeroep tot *danksegging*. Ons kry dus hierdie vierdeling: nood-gebed-verlossing-danksegging.

Ek gaan by die eerste van die vier voorbeelde uit die geskiedenis stilstaan: die verlossing uit die woestyn.

Die nood van die kerk

In vers 4 tot 5 sê die digter: 'Hulle het gedwaal in die woestyn, op woeste paaie; 'n stad om in te woon het hulle nie gevind nie. Honger, ook dors was hulle; hulle siel het in hulle versmag'.

Hierdie gedig kom uit die tyd kort na die ballingskap. Die digter beskryf die ballingskap as 'n dwaal in die woestyn, op woeste paaie. Dit hoef ons nie letterlik op te vat nie. Intendeel, in Babel het vele Israeliete dit so goed gehad, dat hulle nooit na Kanaän teruggekeer het nie. In die letterlike sin van die woord was Babel dus nie 'n woestyn nie. Die beeld van 'n woestyn

teken wel hulle geestelike ellende en hulle diep treurige toestand in godsdienstige sin. Babel en die Babiloniese ballingskap was God se toorn teen hulle sonde. Die dwaal in die woestyn simboliseer God se straf.

Die digter sê verder: 'n Stad om in te woon het hulle nie gevind nie'. Daar in Babel was hulle ver van Jerusalem, die stad van die lewende God. Hoewel die tempel op daardie stadium verwoes was, het die Israelitiese ballinge hulle ballingskap ook ervaar as afgesny wees van die tempel, daar waar God gewoon het en Hom in sy liefde aan sy volk geopenbaar het. Na sy teenwoordigheid het hulle in die woestyn van Babel gehonger en gedors. 'Honger, ook dors was hulle; hulle siel het in hulle versmag'.

Dit was te wyte aan hulle eie sonde dat hulle in die woestyn beland het. Ons sonde vervreem ons van God. Dit bring sy toorn oor ons.

Die gebed van God se volk

Wat het die kerk van die HERE in hulle nood gedoen? Hulle het gebid: 'Toe het hulle die HERE aangeroop in hulle benoudheid'.

Die kerk het geweet waarheen hulle met hulle nood moes gaan: na God toe. Hulle het gebid. Dit moet ons egter nie verkeerd verstaan nie. Van nature weet ons dit nie. Uit ons eie gaan ons nie na die HERE toe nie. Soos Adam en Eva in die paradys, vlug ons weg van God af. Ons is nie van nature bidders nie, maar vlugters. Die gebed self is daarom reeds 'n deel van die verlossing. Dit is 'n wonder van God as mense hulle nood besef en begryp dat hulle verlossing nodig het. Dit is God se genade wat ons op ons knieë bring en dit is alleen danksy sy goedheid dat ons ons hande hulpbehoewend na Hom toe uitsteek. Die gebed is 'n gawe van die Heilige Gees.

Wat 'n wonder is die gebed nie. Vir mense wat vergaan in hulle nood, sê die HERE: Kom na my toe! Vir mense wat krom gebuk gaan onder die ondraaglike las van die sonde, sê Hy: Kom na my toe, almal wat vermoed en belas is en Ek sal julle rus gee.

By Hom is daar veel verlossing en antwoord op al ons nood. Hy is groter as ons nood. Dit wil die HERE aan ons laat sien.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Ds GJ Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 546 4915
E-pos:
gjmeijer@freemail.absa.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R 100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

Die verlossing van die HERE

Die HERE is 'n hoorder van die gebed. Nooit is ons skuld voor Hom te groot nie.

Ons sing daarvan in Ps 86:3 (berymd):

*U sal mild ons skuld vergewe;
Wie u aanroep in die nood,
vind u guns oneindig groot.*

Dit het Israel ook ervaar. Telkens wanneer hulle gebid het, het hulle verlossing ontvang. Vier maal. Ondanks hulle baie sondes. Al was hulle nood hulle eie skuld. Die voorbeelde is vir ons opgestapel ter wille van ons kleingeloof en ter wille van ons kleinmoedigheid. Dit is vir ons opgeskryf as les in die gebed. Ons moet weet tot Wie ons nader. 'n Vader wat goed is, wie se goedertierenheid tot in ewigheid is.

Waarom kom die goedheid van die HERE tot openbaring? Waarin kan ons sien en ervaar en beleef dat God goed is? Dit sê vers 1 se laaste gedeelte: 'Want sy goedertierenheid is tot in ewigheid'. Dit is 'n verklaring van die woordjie 'goed'. Die HERE se goedheid in sy goedertierenheid te sien.

Die HERE se goedertierenheid kan ons maar vertaal as sy verbondslojaliteit. Die HERE is absoluut lojaal teenoor diegene met wie Hy 'n verbond gesluit het. Hy hou Hom by dit wat Hy beloof het. Nooit doen ons tevergeefs 'n beroep op sy beloftes nie. Dit het die Israëliete in die woestyn van Babel ook ervaar. Hy het hulle gebed verhoor. 'Uit hulle angste het Hy hulle gered. En Hy het hulle gelei op 'n regte pad om te gaan na 'n stad om in te woon'. Dit wil sê: Hy het hulle teruggebring na Jerusalem en die Godshuis. Hulle kon weer in sy teenwoordigheid kom. Die HERE het Hom gehou by sy belofte dat Hy sy volk na sewentig jaar weer sou terugbring in die land van belofte.

Die grootste openbaring van God se verbondsliefde en lojaliteit het ons in Christus Jesus. So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons oorgegee het tot in die allerdiepste diepte van die ewige dood. Daarmee het Hy sy belofte van vergiffenis waargemaak. Wil u daarom sien hoe goed God vir u is? Kyk dan na Golgota.

Ons is geneig om vas te staar teen ons omstandighede en om ons blind te staar teen ons teëspoede. Dan voel dit ook dikwels vir ons asof God nie goed is nie. God roep ons egter op

om ons oë op die kruis te vestig. Daar het Hy sy Vaderhart aan ons geopenbaar. Golgota is verbondslojaliteit en liefde in die mees verhewe en heerlike sin van die woord.

Daar is ons gered van die woestyn van God se gerig. Daar is ons verlos van die doodsdors van die sonde. Die kruis bring ons terug in die nuwe Jerusalem, 'n stad om in te woon. Dit red ons van die doodsdors van die sonde en dit herstel ons verhouding met God.

Die oproep tot dankbaarheid

Van nature is ons nie bidders nie. Van huis uit is ons ook nie dankers en lofprysers van God nie. Van nature is ons so ondankbaar as wat maar kan kom. Die HERE het soveel moeite met ons.

Kyk nou maar na die Psalm. Waarom moet die HERE vier voorbeelde van sy goedheid, vier demonstrasies van sy verlossing gee? Dit het sekerlik te make met die feit dat ons sulke slegte leerders is.

Tog hou die HERE nie op om geduldig met ons te wees nie. Vier keer laat Hy voor ons verbyflits hoe goed Hy vir ons is en vier maal roep Hy ons op: 'Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders'.

Die ouers van kinders weet hoe moeilik dit is om 'n kind te leer om dankie te sê. Elke slag as ons hulle iets gegee het, moet ons maar weer vra: En wat sê jy nou? Dankie! En hoeveel keer ons dit ook al sê, net die volgende keer as hulle iets kry, vergeet hulle al weer om dankie te sê.

God is nog 'n veel beter opvoeder as ons. Ja, Hy is die volmaakte Vader. Daarom hou Hy nie op om ons sy liefde te laat sien nie. Met byna eindelose geduld roep Hy ons op: 'Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders'.

Waarom is ons so ondankbaar? Waarom is daar so weinig lofprysing in ons lewe? Dit sal sekerlik daarmee saamhang dat ons so min begryp van die nood waaruit ons verlos is. Dit het sekerlik daarmee te doen dat ons so weinig verstaan van die wonder van die verlossing. God was dit nie aan ons verskuldig nie, maar tog het Hy dit gedoen. Hy het sy eie Seun vir ons gegee, vir mense soos ons.

AKTUEEL

Soewereiniteit in eie kring – dr A Kuyper se credo

Dr JG Meijer, Pretoria

In die reeks artikels oor die gesag, wat in die Januarie-uitgawe van ons blad afgesluit is, is meermale dankbaar van wyle ds JR Wiskerke se pennevrugte gebruik gemaak. Nou vra 'n belangstellende leser: Is dit moontlik om ds Wiskerke se kritiese besinning oor soewereiniteit in eie kring¹ – 'n vraagstuk wat nog steeds aktueel is - populêr in *Waarheid en Dwaling* weer te gee? Dit is 'n moeilike opdrag. Wiskerke se taal en styl is kompleks. Bowendien vind ons in sy publikasies resultate van diepgaande besinning. Maar, kom ons probeer.

Die 20ste Oktober in die jaar 1880.

Een van die groot dae in dr Abraham Kuyper se vrugbare lewe.

Hy open die Vrye Universiteit (Amsterdam). Hy stel die universiteit aan die owerheid en die volk bekend in 'n redevoering oor soewereiniteit in eie kring.

1 Professor C Trimp het 'n aantal opstelle wat ds Jelmer Reinier Wiskerke (1923-1968) in die jare 1960 tot 1968 geskryf en gepubliseer het, gebundel in JR Wiskerke. *De strijd om de sleutel der kennis: een bundel opstellen over theologie en filosofie*. Groningen: Vuurbaak, 1978. Hoofstuk 5 (p. 191-221) dra as titel: 'Soewereiniteit in eigen kring' bij dr A Kuyper, voorheen gepubliseer in *De Reformatie* 38 (1962-1963), p. 253 e.v.a.

Die opskrif van Kuyper se rede is 'n spreuk. Meer nog, 'n kort samevatting van sy geloof oor die gesag. Die spreker sê vir vriend en vyand: Ons stig 'n vrye universiteit, vry van enige knellende bande van die owerheid. Ons doen dit uit geloof. En ek gee in die openbaar hiervan rekenskap. 'Soewereiniteit in eie kring': Dit is my credo.

Is hierdie toespraak wat in die najaar van 1880 uitgespreek is, vandag, honderd en twee en twintig jaar later, nog werklik aktueel? Antwoord: Ja, sekerlik. Dan en wan word ons weer aan Kuyper se leuse herinner, selfs in ons kerklike pers. Afgesien hiervan is daar vandag nog vurige aanhangers en verdedigers van die 'leerstuk' wat dr Kuyper in 1880 ontvou het. En daar is ook ander mense. Hulle neem wel dr Kuyper se leuse oor, maar hulle verloën sy geloof, sy credo.

Hierdie artikel bied die eerste deel van ons verkenning. Ons luister na dr Kuyper, een van die voorgangers in die kerk en in die koninkryk van God, om hom in geloof na te volg. In die vervolging van hierdie kort reeks volg ons kritiese besinning, onder leiding van ds Wiskerke.

Christus ontvang na sy opstanding alle gesag

Kuyper se rede fokus eerstens op ons Here Jesus Christus. Hy ontvang na sy opstanding die hoogste gesag. Ons eer die Vader wanneer ons ons gewillig aan die Seun se gesag onderwerp.

Christus, die Soewerein

Die gesag waarmee die Heiland na sy opstanding beklee word, word deur Kuyper soewereiniteit genoem. Christus is volgens hom feitlik die enigste Soewerein.

Kuyper se belydenis oor Christus se oppergesag is suiwer skriftuurlik. Die Here Jesus kry na sy opstanding 'n naam bo elke naam',² naamlik: 'Die Koning van die konings en die Here van die here'.³ Voor sy hemelvaart sê Hy vir sy apostels: 'Aan My is gegee alle mag (gesag) in die hemel en op aarde'.⁴

Na Christus se opstanding uit die dood word die tweede Psalm vervul. Die Vader sê: 'U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting'.⁵ By sy hemelvaart ontvang die Seun die ereplek in die hemel. Hy sit aan die regterhand van die Vader, saam met Hom op sy troon. Sedertdien regeer die Vader alles, ja *alles*, deur Hom.⁶

Christus regeer alles. Dr Kuyper bely dit in sy bekende sin oor die 'duimbreedte'. Elke duimbreedte van die lewe behoort aan die verheerlikte Messias. Elke mens staan in al sy doen en late, met alles wat hy is en het, onder sy gesag.

Elke gelowige sal hierdie credo oor Christus se soewereiniteit van harte beaam.

Dien die Here met vrees

Christus: die Soewerein oor alles en alle mense. Dit beteken volgens Kuyper: Elke mens moet Hom dien. Hy spits hierdie credo veral op die gesagdraers toe. Elkeen wat gesag het, beklee 'n amp. Die verheerlikte Christus gee aan elke gesagdraer volmagte. Hy stel hulle ook verantwoordelik.

Ook hierdie deel van dr Kuyper se credo is suiwer skriftuurlik. Daar bestaan op aarde 'geen mag (gesag) behalwe van God nie'.⁷ Die Vader en sy Seun verleen gesag. Elke gesagdraer beklee 'n amp. Elkeen moet van die uitoefening van die gesag rekenskap gee.

God wat sy Seun as Koning van die konings gesalf het, roep die owerstes van die aarde om die gesalfde Vors in gehoorsaamheid te dien. 'Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde. Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam'.⁸

Hierdie opdrag om te gehoorsaam en die bedreiging van ongehoorsame gesagdraers geld nie alleen vir konings en regters nie. Alle werkgewers moet hulle amp van gesagdraer gehoorsaam, as onderdane van die verheerlikte Christus, bedien. Die Here spreek hulle toe: Tree in julle gesagposisies op as mense wat 'weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie'.⁹

Gesagdraers in die staat, in die kerk, in die werkplek, in die onderwys en waar ook al word geroep om in hulle amp die Here te dien. Dit behaag Hom om ons deur hulle te regeer.¹⁰

Dr Kuyper se belydenis eggo wat ons in die Woord oor die gesag leer, naamlik

- die hoogste gesag van ons Here Jesus Christus,
- die gesagdraers as ampsdraers,
- hulle opdrag om die gesag van Christus in die wêreld uit te oefen en
- die oproep om die Here te dien.

Daarom aanvaar elke gelowige hierdie credo van harte.

Die vraag kom na vore: Hoe, op watter wyse, skakel die Seun van God mense in om sy gesag in die wêreld uit te oefen? Met sy antwoord op hierdie vraag kom dr Kuyper tot die kern van sy betoog.

Gesag van mense het grense

Kuyper sê: Christus verleen aan geen mens op aarde sy universele gesag nie. Hy het nie 'n stadhouer in die wêreld wat al sy sake behartig nie. Dit sou tot misbruik van gesag, tot grenslose oorheersing lei. Nee, die Here verdeel gesag onder die mense. Hy stel grense aan elke gesag wat Hy aan mense toevertrou. Gesagdraers moet binne daardie perke bly. Dr Kuyper benoem die gesag waarmee mense beklee word, ook as 'soewereiniteit'. Elke aardse gesagdraer is dus volgens hom soewerein in sy eie kring. Wat hierdie credo inhou, bekyk ons (net soos sy credo oor die hoogste gesag van ons Here Jesus Christus) in die lig van die Skrif.

Soewerein in eie kring

Ouers se gesag is beperk tot hulle gesin. Werkgewers se gesag strek so ver as die werkplek. Ouderlinge het slegs in die plaaslike kerk gesag. Ook owerhede se gesag – hoe wyd ook al – het sy eie grens: wetgewing, handhawing van orde, vestiging van nodige infrastrukture. Kuyper betoog: Elke gesagdraer is net in eie kring soewerein.

Ook Kuyper se credo oor die *grense* van alle menslike gesag kom uit die Skrif. Elke mens moet binne die grense van sy

2 Fil 2:9.

3 Op 19:16.

4 Matt 28:18.

5 Ps 2:7-8.

6 HK, antw. 50.

7 Rom 13:1.

8 Ps 2:10-12.

9 Ef 6:9.

10 HK, Sondag 39.

roeping bly: sy eie sake behartig, sy eie werk doen¹¹ en hom nie met die sake van 'n ander bemoei nie.¹²

Eie sake behartig is ook 'n opdrag wat vir gesagdraers geld. Die Here gee reeds in die ou bedeling verskillende take en volmagte aan die koning en aan die priesterstam. Die koning ontvang die bevoegdheid om te regeer.¹³ Alle maghebbers (ook owerhede buite Israel) moet vasstel wat reg is (wette uitvaardig en handhaaf).¹⁴ Die priesterstam kry ander volmagte en opdragte. Die stam van Levi moet die diens in en by die heiligdom, veral die offerdiens, behartig¹⁵ en die volk in die wette van die Here onderrig.¹⁶ Aan laasgenoemde opdrag word ons herinner in die uitdrukking: iemand die leviëte voorlees. Dit beteken letterlik: iemand met die Woord konfronteer.

Ons bely die onderskeie volmagte en verpligtings van kerklike en wêreldlike regerings ook in ons belydenis. Die kerk behoort 'ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer' te word.¹⁷ Die owerheid behoort deur wetgewing en handhawing van orde 'die losbandigheid van die mense in bedwang' te hou, sodat 'alles onder die mense ordelik kan verloop'. Die owerheid, nie die kerk nie, ontvang die swaardmag.¹⁸

Hierdie kort aanduiding van verskeie take en volmagte wat die Here aan kerk en owerheid verstrek, is voldoende om die credo van dr A Kuyper skriftuurlik te beaam: Gesag van mense het grense.

Bly binne die grens wat God aan die gesag gestel het

Elke gesagdraer moet, so vervolg Kuyper, sy amp uitsluitlik uitoefen binne die grens wat die Here daaraan stel. Wie die grens van gesag oorskry, pleeg rewolusie.

Ook hierdie deel van Kuyper se credo kom uit die Skrif. In hierdie verband word slegs na een geskiedenis verwys waarin die oorskryding van die grens van gesag as sonde, as opstand teen God, gebrandmerk en die ampsdraer swaar gestraf word: die geskiedenis van koning Ussia. Toe hy in die tempel die reukoffer bedien, in die diens van die priesters indring, ondervind hy sterk teenstand van die priesters en slaan die Here hom met melaatsheid. Die siekte het tot die dag van sy dood voortgeduur. Sodoende kon hy nie meer sy koninklike amp bedien nie.¹⁹

Wie die grense van sy gesag oorskry, gryp in beginsel na die universele gesag wat alleen aan die verheerlikte Christus toekom. So 'n misbruik van gesag is indring in die posisie van Christus aan die regterhand van God. Dit is 'n antichristelike aanslag.

Dr Kuyper se rede is profeties

Dr Kuyper hou op die 20ste Oktober van die jaar 1880 nie 'n wêreldvreemde rede nie. Intendeel, in sy toespraak stry hy teen die destydse tydgees. Met sy credo 'soewereiniteit in eie kring' protesteer hy profeties teen die outonome mens van die negentiende eeu en teen 'n owerheid wat in die waan leef dat hy 'almagtig' is. Kuyper konfronteer die hele samelewing met die oppergesag van ons Here Jesus Christus. Dié konfrontasie maak sy toespraak uitermate aktueel, ook in die tyd waarin ons lewe.

Teen humanistiese outonomie

Die massa in Kuyper se dae verwag alle heil van die mens. Die mens word selfstandig geag, mondig teenoor die Here en sy Woord en kerk. Hy meen dat hy met sy rede (rasionalisme) 'n veilige tuiste op die aarde kan skep, enorme vooruitgang en ontwikkeling kan bewerkstellig en die wêreld tot die hoogste

bloei kan bring.

Hierdie mens is die outonome mens. Hy maak sy eie wette, sonder God.

Ons lewe vandag wel in 'n ander tyd, maar dit is nog steeds die mens wat sentraal in die heeal gestel word. Postmodernisme wil wel godsdiens erken, maar slegs godsdiens waarin nie die mens by die Here nie, maar die gode by die mens moet aanpas. Ook vandag verwag mense vooruitgang van die wetenskap en die tegniek.

Kuyper ontvou sy credo teenoor hierdie humanistiese outonomie soos volg: Die verskeie kringe met hulle eie soewereine is volgens hom almal selfstandig. Hulle staan as 't ware onafhanklik langs mekaar. Elke kring – hier gebruik hy 'n woord van sy teenstanders – is outonoom. Dit wil sê: In elke sektor van die lewe het die mense die reg om selfstandig die wette en regte vir hulle kring vas te stel.

Kuyper beskou egter hierdie outonomie nie – soos sy teenstanders – as 'n reg van die mens nie. Hy onderskei tussen outonomie en Outonomie (met 'n hoofletter). Elke kring staan onder soewerein Christus en is aan Hom verantwoording verskuldig. Dr Kuyper hou aan elkeen voor: Buig voor Hom wat aan die regterhand van die Vader sit. Dien Hom.

Dié profetiese protes teen die tydgees en die oproep om Koning Christus te dien, bly aktueel. Teenoor die hoogmoed van antigoddelike wetenskap, kuns, tegniek, ontspanning, bly die roepstem van Koning Christus aktueel: Dien My, onderwerp jou aan My gesag in wetenskap, kuns, werk, kerk, skool, ontspanning, ja in die hele lewe.

Teen vergoddeliking van die owerheid

Kuyper se credo verwerp ook die dwaling dat die owerheid oor alle gesag in 'n land beskik. Die strewe om in ander se gesag in te dring, bly een van die sondes waarteen elke owerheid voortdurend moet waak.

In die artikels in *Waarheid en Dwaling* oor die gesag is gewys op die staat wat die onderwys annekseer en sodoende die gesag van die ouers misken. Die regering in die sogenaamde nuwe Suid-Afrika het hierdie bemoeisug van die staat met die onderwys van die regering in die ou Suid-Afrika geërf. Ons regering beywer hom ook om kerke belasting te laat betaal. So word die liggaam van Christus tot 'n vereniging gedegradeer. In sy regstellende aksie neem die regering van die gesag van werkgewers oor. Die owerheid leef, net soos ons vorige owerhede, in die waan dat hulle 'alle gesag in die land' besit.

Kuyper verset hom teen owerhede wat hulleself 'almagtig' waan. Hy sê: Alle kringe staan langs mekaar. Geen kring het die reg om ander kringe aan hom te onderwerp nie. 'Soewereiniteit in eie kring' beperk die uitoefening van gesag uitsluitlik tot die betrokke kring. God verbied enige anneksasie van ander se gesag. Met hierdie belydenis hou Kuyper aan die

11 1 Tess 4:11, 2 Tess 3:12.

12 1 Pet 4:15.

13 Sien die koningswet in Deut 17:14-20.

14 Spr 8:15-16.

15 Sien onder meer Lev 7:31-38, Num 4 en 18.

16 Deut 31:9-13; 33:10.

17 NGB, art. 30; sien ook artikels 31 en 32.

18 NGB, art. 36.

19 2 Kron 26:16-21.

owerheid van sy dae die grens van sy eie bevoegdhede voor en wil hy die owerheid binne daardie grens terugdring.

Ons glo saam met dr Kuyper dat die Here enige anneksasie van ander se gesag verbied. In dié geloof is die reeks artikels oor die gesag geskryf.

Kuyper se leuse word met verloëning van sy credo oorgeneem

Ds Wiskerke wys op die oornameword van Kuyper se leuse en die verloëning van sy belydenis gedurende die eerste periode na die tweede wêreldoorlog in Nederland. Kerklike vonnisse geld net binne die kring van die kerk. Manne wat in die kerk geskors en afgesit is, kerklik as aanhangers van rewolusie bekend staan, word in 'n antirevolusionêre politieke party verwelkom op grond van soewereiniteit in eie kring. Die wet van God geld net binne die kerkmure. Lidmate kan daarbuite met die wêreld saamgaan in ontspanning, wetenskap, ensovoorts. Die antitese verdwyn. Elke kring, sektor van die lewe het immers sy eie soewereiniteit?

Soewereiniteit in eie kring om die gesag van die Woord oor die volle lewe uit te skakel: Ken ons dié leuse nie ook in eie kring nie? Word prediking op baie kansels nie tot 'sieleheil' of nog minder beperk nie? Skei gereformeerdes ook geloof en wetenskap, geloof en kuns, geloof en ontspanning, geloof en werkplek?

Wiskerke sien 'n 'besonder raaiselagtige ontwikkeling' in die aanhef van die leuse: soewereiniteit in eie kring. Kuyper bely: Dit is soewereiniteit in *onderwerping* aan Christus. Vandag sê sekere mense ook: soewereiniteit in eie kring. Hulle bedoeling bots egter met Kuyper s'n. Hulle bedoel: soewereiniteit in *opstand* teen Christus. Kuyper se leuse word oorgeneem. Intussen word sy credo verloën.

Hierdie stand van sake noop elkeen wat eerlik sy bedoeling wil bekendstel, om die inhoud van die leuse 'soewereiniteit in eie kring' te verduidelik. Wat bedoel die spreker of skrywer? Eerbiediging van Christus se oppergesag of onttrekking van die alledaagse lewe aan dié gesag?

Vind verloënaars van Kuyper se credo 'n aanknopingspunt in sy redevoering?

Na sy positiewe waardering van Kuyper se belydenis in sy rede oor soewereiniteit in eie kring, stel ds Wiskerke die 'brandende vraag': Is daar in Kuyper se rede 'n aanknopingspunt te vinde vir die raaiselagtige ontwikkeling van die gebruik van die leuse: *van* die belydenis van Christus se hoogste gesag *na* die propaganda vir die opstand teen sy gesag?

Wiskerke sien Kuyper se gedagtes oor soewereiniteit in eie kring as die snypunt van twee lyne in sy betoog. Op die een lyn sien ons die eie amp van elke menslike gesagdraer. Hierin volg ons Kuyper. Wat sien Wiskerke op die ander lyn? Sy kritiek kry DV in volgende artikels ons aandag.

FOKUS

Verraad of reddingsdaad?

Ds ALA Buys, Pietersburg -Noord

Die PU vir CHO òf die PU op Christelike grondslag? Christelike hoër onderwys of 'n universiteit op christelike grondslag? Dit het toe nie lank gevat voor die dinge begin roer het nie. 'n Groep ondersoekers het bevind die PUK se "van" is verkeerd. Dit klink soos apartheid, sê hulle. Dit skrik mense af. Nou hoor ons: as die PUK sy 'van' weggooi, gaan die Puk selfs meer christelik wees. Liefdevol sy roeping vervul. Daar is nou 'n komitee aangewys wat binne maande hieroor moet rapporteer.

Ons gereformeerdes wat die reformasiegedagte van verbondsoopvoeding en van christelike onderwys deur en deur ondersteun - en dáárom die PU vir CHO so liefhet, het met misnoeë kennis geneem van hierdie nuwe aanslag op die Puk se 'van'.

'n Paar dinge moet hieroor gesê word. Ons geduldsdrempel word getoets met uitsprake soos dat die Puk se 'van' 'n aanstoot is. Laat ons dit prontuit en reguit sê vir almal wat wil hoor en vir die ANC. Meelopers tussen ons wat nie wil hoor nie. Dit is histories onjuis om te beweer die 'CHO' as apartheid gesien word. Die Puk met sy van was daar lank voordat apartheid in die wieg was. Nee, hier is 'n ander slang in die gras. Hier is 'n poging om die gereformeerde stem stil te maak en hier word gepoog om die Afrikaner-identiteit op 'n anti-christelike wyse aan te tas.

Laat ons die laaste saak eerste neem. Gereformeerde Afrikaners moet hulle stem in hierdie saak duidelik laat hoor. Kom ons sê eers wat krap, en dan waarom dit krap. Ons is moeg daarvoor om rondgeskop te word, sodat ons verskoning moet vra omdat ons Afrikaners is. Asof ons nou moet verduidelik waarom ons hier mag wees. Ons is moeg daarvoor om te sien hoe Afrikaner instellings - waarvan die Puk òòk een is, en nog altyd was, uit

ons harte gesteel word. Ons is sat daarvan om ter wille van apartheid ontmens te word. Ons is keelvol dat ander sê het oor wie en wat ons is. Ons is uitgeput met die eierdans om ons identiteit te laat bepaal deur ons beskuldigers. Ons is moeg daarvoor dat Afrikaners nie agterkom nie dat hulle alle reële mag verloor het, en nóg steeds aandring op koloniale bevoordregting. Ons is moeg vir ons ouer voormanne (daar is ongelukkig nie vroue voor nie) wat kulturele selfmoord pleeg omdat hulle bang is hulle word kultureel vermoor. Ons is moeg daarvoor dat Afrikaners die ANC program aanvaar, omdat hulle dink die Here se bevel in Romeine 13 vra die ontkenning van jou hele wordingsgeskiedenis.

Is dit nou naakte nasionalisme? Is dit nou 'n apologie vir apartheid? Is dit nou die gebalde vuis van die nuwe bloed en bodem geslag? Hoegenaamd nie. Daar is al vele kere deur myself en andere (ook in hierdie blad) gesê dat ideologiese apartheid en nasionalisme sonde voor die Here is. Maar dit is nie waaroor die debat - gekonsentreerd rondom die Puk - nou gaan nie.

Gereformeerde Afrikaners weet dat jy jouself moet verloën voor God. Ware gereformeerdes weet dat Christus sê: wie

hom vir My skaam, Ek sal my ook vir hom skaam. Ja, laat ons bietjie daaroor praat. Vir wie het ons skaam geword? Vir onself of vir Christus?

Dit is die punt waaroor dit gaan. Is daar nog plek vir die gereformeerde leer op die Puk? Nie afgeskuif na 'n skooltjie anderkant Tomstraat nie, maar in al die fakulteite. Want waarom wil die CHO nou weggegooi word? Gaan dit oor die gereformeerde belydenis wat in die pad gekom het? Skaam ons ons nie dalk juis daarvoor nie? Is daar nie 'n gevoel dat 'n vae, ongedefinieerde, onbelyde *christelike grondslag* meer inpas by 'n individuele aanpak van sake nie? Is dit nie so dat die belydenis al meer as 'n korset gesien word, en nie as 'n borswapen nie?

Laat almal weet: dit gaan hier nie oor 'n minimalistiese spel oor woorde nie, dit is nie bloot strategie om die regering se subsidie vir die Puk te behou nie. Dit gaan hier oor die hart van die gereformeerde leer. Dit gaan hier oor die siel van die Afrikaner.

Hoor die opponente se klag: *Stadig nou, broer. Wag so bietjie. Hoekom sê jy "gereformeerde leer" en "Afrikaner" in een asem? Christelik-nasionaal? Ons is tog lankal klaar met daardie debat.*

Gun my kans op repliek. Die Puk het die gereformeerde leer nie altyd en oral suiwer gehandhaaf nie. Dit is so. Die swakheid van ons sonde sal altyd met ons wees. Maar ons het *amptelik bely*: ons wil Christus in die wetenskap dien. Ons skaam ons nie daarvoor nie. Ons het die belydenis as riglyn vir beoordeling gehandhaaf. Daar was sekerlik hier en daar Skrifkritiese uitsprake, ja, maar *amptelik* was dit nie so nie. Die Puk het sy 'van' gehad, onbeskaamd. Maar nou verander dit. Op grond van wat buitestaanders te sê het, word - amptelik - wegbeweeg van die belydenisaanspraak in die 'van'.

'n Hele wetenskapsmodel kan hier in die slag bly. Vanaf 'n ekstern meetbare wetenskapsmodel kan daar beweeg word na 'n onmeetbare interne hartsingesteldheid, 'n vae voorneme. Wat help dit as jy 'n grondslag het, maar dit is nie 'n openlike belydenis nie. Want dit kan tog nie die bedoeling wees, dat alles dieselfde bly, maar dat net die briefhoofde verander nie. Hierdie winkelvenster tooiery sal tog nie deug nie. En dit sou as oneerlik beskou kon word. So terloops, wat sal gebeur as buitestaanders begin sê die 'christelike grondslag' gee hulle aanstoot?

'n Van is nie 'n bynaam nie. Jou van is jou pa se van. 'CHO' sê ons is nie skaam vir Christus in die wetenskapsbeoefening nie. 'Grondslag' is nie 'n van nie, eerder 'n bynaam. En 'n bynaam is altyd 'n bysaak, iets van sekondêre belang. Nie wesenlik deel van die universiteit nie. Teruggedruk na die etiek van personeelverhoudings. Dit is tog so duidelik soos daglig. Wie sal help as siende blindes nie wil sien nie?

Daarom sê ons duidelik en onomwonde. Ons sien hierdie 'van'-weggooiery vir wat dit is. Verraad teenoor die gereformeerde erfenis, én verraad teenoor die Afrikaner geskiedenis.

Alweer die opponente se klag: *Jy't nog nie my vraag oor die goue gom tussen "gereformeerde" en "Afrikaner" beantwoord nie.*

Laat ons dit dan nou doen. Laat ons die stelling verdedig wat sê dat die Puk se 'van'-skraping 'n subtiele aanval op gereformeerde belydenis-funksionering in die wetenskap is én ook 'n steek na die hartaar van die Afrikaner.

Die antwoord is baie eenvoudig. As gereformeerdes wil ons niks te doen hê met die Rooms-Katolieke genade-natuur

teenstelling nie. Nee, ons glo dat die genade van God in Christus juis die in-sonde-gevalle natuur herstel en heilig. Christus en kultuur - ook volkskultuur, hoort bymekaar. Jy mag daarvan selfs op universiteit leer. Niemand kan God in 'n vakuum dien nie. Hy verwag geen *esperanto* gebede van ons nie. Ek hoef nie op te hou om Afrikaner te wees, om Christus te dien nie. 'n Mens mag aan die ander kant ook nie jou volkskap medebepalend tot godsdiens maak nie (dis afgodiese Christelike nasionalisme, en presies wat die post-modernis doen, net op individuele vlak). Nee, as gereformeerdes is ons geroep om ons hele volksbestaan te sien onder die regerende hand van Christus.

Met alles van die volk na Christus toe. Oók die aaklige aanstootlikhede van my volk. Die koningskap van Christus, die verlossing in sy bloed, die heiligmaking van sy gehoorsaamheid moet ook tot my hele volk kom. Net soos wat dit tot alle ander vlakke van die menslike skeppingsbestaan moet kom. Ook die universiteit. Ons sou ongereformeerde wees as ons iets ander sê as juis dit. Die hele volksbestaan onder Jesus Christus se jurisdiksie.

Nie dat dit tans so is nie, maar die opdrag daartoe is hemels klankhelder. Daarom veg ons - as gereformeerdes - vir die Puk se 'van'. Omdat daardie CHO ons leer: daar is niks wat nie aan God behoort nie, daar is niks waarvoor God nie 'n sê het nie. Ook taal. Ook Afrikaans. Ook 'n universiteit. Alles behoort aan God. En in Christus is ek vry om dit te bely. Die genade is nie teen die natuur nie. Die genade heilig dit juis. Daarom hoef ek nie op te hou Afrikaans praat om God te dien nie. Daarom hoef ek nie 'n hele eeu se bid en sweet en tranen te verag waardeur die Puk se CHO gebou en behou is nie. Identiteit moet deur Christus bepaal word - en nie deur huurlinge, vreemdes, die meerderheid of selfs vyande nie. Dis gereformeerde. Daarvoor sterf ek. Daarvoor leef ek. Daarvoor skaam ek my nie, want dan skaam ek my vir die evangelie van Christus Jesus - die Verlosser en Regter van alle mense.

Die weggooiers, die tou-opgooiers, die kruipers, die verraaiers die moedeloses, die vergeetagtiges, die vreesagtiges, die luiers, moet weet: Jesus Christus se oordeel sal oor al ons dade gaan. Ook wat ons met die Puk se 'van' gedoen het en hoekom ons dit gedoen het. Nie net ons woorde nie, maar ook ons dade is gebede.

Tans klink ons gebedsbrou só (vergewe my die styl, dis nog steeds met heilige erns bedoel): 'Ons wou onself verloën, maar in plaas daarvan om vergifnis by U te soek oor ons sondes - ook ons volksondes teenoor ander - het ons op werkheiligheid besluit. Ons het gedink u Seun se krag is te min vir 'n hele volk se sukses en se skandes, daarom het ons maar selfbiëgend en selfbetalend hand probeer bysit. Ons het ons vir onself geskaam maar dit was los van U, Here, want ander mense het nie van ons belydenis oor U gehou nie. Ons wil U meer gedien het, meer Christelik gewees het, nader aan U gekom het in die wetenskap - dáárom het ons die belydenis in ons *van* verander in 'n *bynaam*. Ons wou digter by U leef, daarom het ons U, en U koningskap oor alles, tweede gestel op óns christelike grondslag soos ons dit definieer. Ons het ons geskaam vir ons Afrikanervolk, en eerder meegehelp om die volk verradelik te ver(s)moor as om ons volk onder Christus se heiliging te laat stel. Ons het die wetenskap wat ons hierdie fyn onderskeidings belydend moes leer, die rug toegekeer.'

Ek kry my nie sover om te amen hierop nie.

Waarmee is ons besig? Verraad van Christus of Christus se reddingsdaad?

Hulle wat treur oor die kerk

Prof VE d'Assonville

In die geskiedenis van die Gereformeerde kerke het dit dikwels gebeur: Oor die afdwalings van die Heilige Skrif en die suiwer belydenis, is daar baie broeders en susters wat treur. Hulle treur oor die afwykings in leer, diens en tug. Hulle kan nie meer vrede hê met dinge wat in hulle eie gemeentes met die gereformeerde belydenis, met die erediens en met die regte regering van die ouderlinge gebeur nie.

Die treurpad van 'doleansie'

Die 'les van die kerkgeskiedenis' (A Kuyper) is baie duidelik. Met kerklike verval is die *dolerendes* (miskien die minderheid) daar. Dié naam kom van die Latynse woord 'om te treur'. Toe die *Remonstrante* (hulle wat die Bybelse uitverkiesing verwerp) Nederland in die begin van die 17de eeu met hulle dwaalleer soos 'n vloedgolf getref het, het baie lidmate 'gedoleer'. Hulle het getreur oor die onbybelse prediking. Ons lees dit in die voorgeskiedenis van die *Dordtse sinode* (1618-1619). Ons lees van hierdie gereformeerdes hulle 'Actes van separatie en Unie'. Ons hoor van hierdie beswaardes se 'vergaderingen van correspondentie', dit wil sê samekomste van broeders en susters met 'n *eensgesindheid* vir die suiwer Gereformeerde leer.

Ds Hendrik de Cock van Ulrum en sy mense was in 1834 ook sulke treurendes oor die ontsettende verval in die Hervormde Kerk se leer, diens en tug.

Die stigters van die *Gereformeerde Kerk Rustenburg* in 1859 was 'n klomp treurendes oor die kerklike toestand. Die stigting was 'n dolerende daad van *reformasie* om met die *vrysinnige kerklied* in die erediens, die verkeerde leer en kerkregering weg te doen.

Dr Abraham Kuyper en sy manne was in 1886 die leiers in die groot beweging van die *Doleansie* wat die kerke weer teruggeneem het na die Woord.

Die Vrymaking in Nederland in 1944 was 'n protes van *dr K Schilder* en ander manne teen onbybelse sinodebesluite om die Gereformeerde Kerke weer op die suiwer pad van leer, diens en tug te lei. En hoe erg is daar nie getreur nie!

Die toestand in die Gereformeerde Kerke in SA

'n Mens moet 'n totale vreemdeling in Jerusalem wees om nie te weet dat die GKSA in 'n *krisistyd* inbeweeg nie. Of anders gestel: die GKSA het op 'n *kruispad* gekom. Waaroor? Sit maar net met jou gesin in 'n kerkbank vir die erediens. Die dominee se afkondiging ruk jou byna van jou sitplek af: 'Broeders en susters, namens die kerkraad moet ons aan u meedeel dat daar besluit is dat die Gereformeerde Kerk X gaan ontbind'.

Ja, wat moet ons sê? Kom dit van die Here? Werklik! Daardie eertydse groot stadgemeente X? Die Here het besluit dat die kandelaar daar verwyder moet word. Christus se woorde aan die kerk van Efese 2000 jaar gelede slaan ons tussen die oë: 'Ek sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie!' (Op 2:5).

Stilte. Jy stap in eensaamheid na jou kar. By sommige kerkgangers het die dominee se afkondiging reeds verbygegaan. Ander gesels tog. Iemand by 'n ander motor sê kliphard 'n ding wat byna ligsinnig klink: 'Dis vandat hulle met hierdie

foefies in die Doppekerk begin het, dat sulke dinge gebeur!' 'n Ou Engelse gesegde kom in die kop: 'Many a truth was spoken in a jest'. Het daardie broeder wat so kliphard sy mening gegee het, tog nie iets beet nie? - die baie 'foefies' wat die Woord in eredienste vervang?

Ons gaan maar huis toe. Eensaamheid. Daar word getreur - veral as jy daaraan dink dat jy jare gelede in die gemeente X nog voor 'n stampvol kerk gepreek het; as jy daaraan dink dat jy nog in 1963 daar aan 'n bruisende, entoesiastiese 400-jarige fees van die Heidelbergse Kategismus deelgeneem het. Gemeente X was vir die hele kerkverband 'n voorbeeld van *gereformeerde* wees - daar waar gehoorsaamheid aan die Woord gesien en aktief kon beleef word.

Die vrysinnige kerklied

Reeds in die 19de eeu het die Nederlandse digter Bilderdijk 'n baie groot waarheid raakgesien:

*In het verleden ligt het heden;
in het nu, wat worden zal.*

Die Engelse sê: 'History repeats itself'. Dit lyk of die harde stryd van die 19de eeu ter wille van die Bybelse *Psalmboek* in Suid-Afrika weer herhaal word. In 1811 is die *vrysinnige gesang* in die gemeentes ingevoer. Die *Psalmboek* is uitgedruk. Dit het 'n stryd in die erediens ontketen. Vir bykans 'n halwe eeu was dit 'n pynlike worsteling totdat die gemeente van Rustenburg hulle in 1859 van die kerkverband losgemaak het en weer die *Psalms* in ere herstel het. En daarmee is die kerk weer gereformeer terug na die suiwer leer (onder andere kategismusprediking en katkisasie), die suiwer *erediens* (gereformeerde liturgie) en *kerkregering* (die Dordtse kerkorde).

Eers het die Gereformeerde Kerke gestry teen die aanslag van die *vrysinnige gesang* ('n stryd tot in die 20ste eeu) ... Vandag moet die Gereformeerde Kerke stry teen die aanslag van die *vrysinnige psalm* (in die 21ste eeu) ...

Ons sit met 'n *Nuwe Psalmberyming 2001* wat openlik en met opset die *Christusprofesieë* uit die *Psalms* 'verwyder' het (die digter se eie woorde). In die openbare pers het die digter dit twee keer verklaar; in *Rapport* van 4 November 2001 en in *Die Kerkbode* van 13 April 2002 waar hy beweer dat Psalm 110 'nie 'n Messiaanse' psalm is nie - Psalm 110 wat 14 keer in die Nuwe Testament op Jesus Christus toegepas word en waarmee Jesus Christus *Sy godheid* bewys (Matt 22:44, Mark 12:36, Luk 20:42). Nie 'n Messiaanse psalm nie? Psalm 110 wat vir Petrus die bewys is dat Christus die *Heilige Gees* uitgestort het (Hand 2:34). Nie 'n Messiaanse Psalm nie?

Ruimte ontbreek om volledig op hierdie openlike *verloëning* van Jesus Christus en die *verwerping* van die Skrifgesag in die Nuwe Beryming in te gaan. Christus se eie woorde oor die

profesieë oor Hom in die psalms word radikaal deur die digter en sy teologiese adviseurs verloën: *'Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms vervul moet word'* (Luk 24:44).

En hulle wat hierdie nuwe 'psalms' sonder Christus in die GKSA propageer en in die gemeentes wil invoer? Om Jesus Christus in die psalms uit te ban en Hom daarmee in die erediens te **verloën** is nie 'n kleinigheid nie:

Mat 10:34: 'Elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is'.

1 Joh 2:23: 'Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie'.

Terwyl baie in die GKSA (miskien die meerderheid) met entoesiasme die Nuwe Beryming **sonder Christus** propageer, is daar die groep broeders en susters (miskien die minderheid) wat oor hierdie toedrag van sake doleer (treur). Gaan hulle nou die Psalms wat Christus verkondig, verloor en in die plek daarvan sogenaamde '**nuwe psalms**' sonder hulle Verlosser kry? Mensgemaakte 'gesange'?

Om die beker met kelkies te vervang

Aan hierdie saak was daar geen keer nie. Kelkies by die Heilige Nagmaal het die nuwe 'in-ding' in baie gemeentes geword. Eintlik was dit dominees wat met die idee gekom het. Wat het so skielik gebeur dat meer as 'n 100 gemeentes in die GKSA nou die Here se dood met kelkies in plaas van met die Bybelse beker gebruik?

Hoe is dit tog moontlik? Ken ons nie meer die les van die geskiedenis nie? Die voorbeelde vind ons in talle van die ou gemeentes. *Die Gereformeerde Kerk Koffiefontein* byvoorbeeld, is in 1925 deur NG-lidmate uit 'n protes teen kelkies gestig. Duisende lidmate oor die hele land (gereformeerdes in die NG-Kerk, onder andere Heilbron) het uit oortuiging van Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis na 'n Gereformeerde Kerk oorgegaan. Hulle het vas geglo dat een van die merktekens van die ware kerk, naamlik dat 'die sakramente suiwer bedien (word) soos Christus dit ingestel het', vierkantig op die Heilige Skrif gegrond is. Christus het dit nie met kelkies ingestel nie. Kinderlike geloof. Kinderlike aanvaarding van die Gereformeerde Belydenis wat hierdie saak oor en oor beklemtoon.

GKSA verloor 7 000 lidmate in drie jaar (17 'gemeentes')

In die afgelope drie jaar het baie van die gemeentes in die kerkverband (GKSA) gesamentlik 6927 lidmate verloor - so te sê 7000! (vgl. die Almanak 2000, 2001, 2002). Skok sulke

statistieke ons nie meer nie? Word ons nie wakker nie? In getalle is gemiddeld sewentien gemeentes van 400 lidmate elk in drie jaar se tyd daarmee heen! Dit is werklik neerdrukkend. Hierdie enkele feit dat in drie jaar se tyd 7000 lidmate by die agterdeure van die GKSA uit is, is genoeg vir nagte se wakker bly. Die cliché 'dit gaan nie oor getalle nie', gee ook nie die antwoord nie.

Kosmetiese vernuwings van die eredienste met allerhande 'versierings' om die mense te trek, is nie die antwoord nie. 'n Soort van 'face lift' (verjongingskuur) om die geestelike doodsheid weg te steek, sal nie die gemeente bou nie. 'n Jag na liedere en musiek om die gevoel en ekstase op te wek, sal nie die ding doen nie.

Alleen deur die Woord

Wat dan? Wat is die enigste sekuriteit vir die gemeentes se voortbestaan? Die **Woord**. 'Solo Verbo' - alleen deur die Woord. Dit was die slagspreuk van die groot Reformasie.

Waar die suiwer Woord *gepreek* word, daar werk die Heilige Gees in die harte van die mense. Waar Sondag na Sondag alleen maar moralistiese sedelesse *na aanleiding van* die Woord *gepreek* word, tree doodsheid in. Dan is die Heilige Gees nie meer aktief nie, want die Gees werk nie sonder die Woord nie.

Waar die *inhoud* van die *katkisasie*klasse die Woord is en nie die 'slimheid' van mense nie, sal die Heilige Gees hierdie verbondskinders veilig op die regte pad lei en word hulle innig lief vir die kerk.

Waar die *huisbesoek* deur predikante, ouderlinge en diakens nie oor 'koeitjies en kalfies' gaan nie, maar waarlik die bekendmaking van die Woord, daar sal die Heilige Gees hoogs aktief wees. En daardie huisgesinne sal die *nuwe lewe* (die wedergeboorte in Jesus Christus) ervaar.

Die *bewaring van die kerk* (in die prediking, die erediens en die kerkregering) word gewaarborg in die *bewaring van die Woord*:

'Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom ...' (Op 3:10). As die Woord in die kerk losgelaat word, is daar droefheid, hartseer en verdriet. As dit bewaar word, is daar vreugde, blydschap en gejuig met Psalms.

Dit kan nie anders nie. As 'n gereformeerde kerk op die pad van *deformasie* (verval) is, is daar baie dolerendes (treurende). Maar Jesus Christus troos hulle:

'Salig is hulle wat treur, want hulle sal vertroos word' (Matt 5:4). Wanneer? As die kerk weer gehoorsaam is aan die Woord!

REKENAAR EN INTERNET

IN KERKREGSTRAAT

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

'n Pragtige ontdekking

Stad Internet is nooit sonder sy verrassings nie. Soms ontdek jy dit self. Ander kere kry jy 'n wenk van iemand anders. So het ek onlangs 'n oproep van professor Bouke Spoelstra ontvang en

dit het my na Kerkregstraat gelei. Nee, dit is darem nie regtig 'n straat nie, maar 'n webwerf in Nederland met die naam Kerkrecht.nl. Die adres is <http://www.kerkrecht.nl/main.asp>

Die opstellers en oogmerk van Kerkrecht.nl

Kerkrecht.nl staat onder leiding van prof dr M te Velde hoogleraar in kerkreg en gemeente-opbou aan die Teologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerke in Nederland (vrygemaak).

Kerkrecht.nl wil in die eerste plek 'n diens lewer aan almal wat inligting soek oor die heersende kerkreg in Nederlandse kerkgemeenskappe. Dit wil ook die beoefening van kerkreg as vak stimuleer. Met die oog daarop word daar 'n oorsig van literatuur op die gebied van kerkreg opgeneem. Dit kan benewens Nederlandse ook anderstalige literatuur insluit. Verder word daar ruimte gemaak vir historiese dokumente soos kerkordes, handeling van konsilies en sinodes uit vorige eeue. Die volle teks van hierdie dokumente sal gepubliseer word.

Dit is ook moontlik om soektogte na sekere sleutelwoorde op die webwerf te doen. Dit is baie handig.

'n Mens kry wel die indruk dat Kerkrecht.nl nog in sy beginstadium is. Daar gaan en moet nog heelwat meer op dié blad gepubliseer word. Daar is nog nie veel handeling van sinodes nie.

In Kerkregstraat sal u ou bekendes soos FL Rutgers (*Collegevoordrachten DKO*) en Joh Jansen (*Korte Verklaring KO*) raakloop. Dié boeke is volledig beskikbaar.

Maar dit is nie al nie. Op die rak van die biblioteek in Kerkregstraat sal u ook prof B Spoelstra se *Kerkreg en Kerkregering* en dr J Visser se *Die Kerkorde in Praktyk* kry.

Bereikbaarheid van die stof

U kan wat by Kerkrecht.nl beskikbaar is, gaan lees as u op die Internet gaan.

By navraag het iemand vir my gesê dat daar beplan word om die materiaal van hierdie webwerf op CD beskikbaar te stel.

Ek het vir my eie persoonlike gebruik die hele tuisblad met behulp van 'n sogenaamde *offline browser* op my hardeskyf afgelaai. Nou is dit nie vir my nodig om elke slag in stad Internet in te vaar as ek al die mooi boeke en artikels van Kerkrecht.nl wil lees nie.

Bekendes in Kerkregstraat

MEDIESE ETIEK

Die huwelik en moderne onvrugbaarheidsbehandeling

Prof JM Boon, Pretoria

Die sewende gebod - jy mag nie egbreek nie - hou oënskynlik geen verband met die mediese praktyk nie. Die problematiek ten opsigte van VIGS en homoseksualiteit het egter alles met die sewende gebod te make. Dit geld ook vir die huidige ontwikkeling ten opsigte van die behandeling van fertilitateprobleme. Die huwelik wat die Here tussen man en vrou gestel het, en die geheimenis daarvan - soos die Skrif daarvan spreek - het wel deeglik implikasies vir moderne fertilitatebehandeling.

Die ontwikkeling het so 25 jaar gelede begin met die koms van die eerste proefbuisbaba in 1978. Wêreldwyd het hierdie tegniek groot belofte ingehou vir baie onvrugbaarheidsprobleme met meer as 20 000 baba's wat al met hierdie tegniek gebore is. Trouens, in bykans elke land is hierdie tegniek gevestig en bestaan klinieke waar die tegniek van 'in vitro fertilisasie' beskikbaar is. Ook in ons land is daar verskeie sentra waar hierdie modaliteit van onvrugbaarheidsbehandeling beskikbaar is.

Die ontwikkeling van die *in vitro* fertilisasie tegniek is vinnig opgevolg met die koms van donor spermbanke, tegnieke van seleksie van bevrugte embrio's en embriobanke. Die toekomstige hou moontlik die tegniek van kloning in. Groot ontwikkeling binne die bestek van 'n kwart eeu.

Aanvanklik is begin met die *in vitro* fertilisasie tegniek onder ouerpare waar daar 'n stabiele verhouding (so word dikwels jammer genoeg van die huwelik gepraat) bestaan. Dit het egter in wes-Europa vinnig plek gemaak vir allerhande soorte verhoudings. Nie alleen is die tegniek aan 'pare' beskikbaar gestel wat glad nie wettig getroud is nie, maar selfs kan daar van donor genetiese materiaal soos donor sperms of beide donor sperms en eierselle gebruik gemaak word. Die moontlikheid bestaan selfs om die bevrugte embrio's in 'n surrogaat moeder in te plant.

Die huwelik soos die Here dit ingestel het, word hoegenaamd nie meer as enige vertrekpunt geneem waarbinne sekere tegnieke gebruik kan word nie. Nee, die vertrekpunt is heeltemal buite God se orde.

Maar kan daar binne die huwelik soos die Here dit ingestel het, wel van fertilitatebehandeling gebruik gemaak word? Die Here het immers die huwelik ingestel ook met die doel om vir Hom kinders te verwek binne sy verbond? Mag ons dan van moderne fertilitatebehandeling gebruik maak om onvrugbaarheidsprobleme aan te spreek?

As dit inderdaad duidelik is dat onvrugbaarheid weens een of ander rede teenwoordig is, dan mag ons as kinders van die Here gebruik maak van tegnieke, mits God se gebod nie daarmee oortree word nie. En in baie gevalle word God se gebod wel oortree, sy eis dat Hy *binne die gawe van die huwelik* kinders aan ons vir sy koninkryk toevertrou.

Elkeen van hierdie tegnieke moet dus aan die lig van die Skrif onderwerp word. Eerstens moet alle vorme waar genetiese materiaal buite die pa en ma om gebruik word afgewys word. Sperm-donering, eiersel- en embrio-donering moet afgewys word. Hier word 'n derde party in die huwelik ingebring, al geskied dit bloot tegnies deur middel van laboratoriumpipette. Dit is daarom in stryd met die sewende gebod en kom neer op *in vitro* owerspel.

Maar wat van *in vitro* fertilisasietegnieke binne die gemeenskap van die huwelik? In kort kan ons sê dat daar geen sonde in die tegniek self lê nie, maar wel hoe hierdie tegniek gebruik word.

Tydens die *in vitro* fertilisasietegniek word die eie eiersel van die vrou en eie spermsel van die man buite die normale gemeenskap om, in 'n proefbuis bevrug. Die rede hiervoor is moontlik 'n afwyking van die spermsel van die man of moontlik

'n afwyking van die eierstokke van die vrou. Gevolglik kan bevrugting nie normaal binne die eierstok van die vrou plaasvind nie. Die baarmoeder van die vrou is egter normaal.

So 'n huwelikspaar word deeglik ondersoek by 'n *in vitro* fertilisasiekliniek en die probleem behoort deeglik met die ouers bespreek te word, sodat duidelik is wat die probleem is. As besluit word op *in vitro* fertilisasie word daar in die standaardkliniek 'n aantal eierselle by die vrou geneem met 'n endoskopiese en/of sonarondersoek. 'n Monster van die man se sperms word ook geneem. Hierna word bevrugting in die laboratorium bewerkstellig deur die spermsel in kontak te bring met die vrou se eiersel. Gewoonlik word meer as een eiersel bevrug, sommige eenhede selfs tot tien. Daar kan dus uiteindelik tien embrio's wees, waarvan 'n aantal (gewoonlik 'n maksimum van vier) in die baarmoeder van die vrou ingeplant word en 'n aantal gevries word vir latere 'gebruik' of donasie (so word daar dikwels onrespekvol van 'n nuwe lewe gepraat). 'n Gesaghebbende mediese bron meld sonder om te blik of te bloos oor die 'ekstra' embrio's: *'or simply dispose of them'*.

Die rede vir die bevrugting van meerdere embrio's is die feit dat daar 'n relatief hoë insidensie van embrio's is wat nie inplant nie en die hele proses 'n baie duur proses is.

As ons hierdie proses uit 'n christelike oogpunt beoordeel, moet ons 'n paar opmerkings maak.

1. Die Skrif praat van die embrio, nie as 'n gebruiksartikel nie, maar as die begin van God se handewerk tydens die weef van die mens in die moederskoot (Psalm 139). Ons distansieer ons van die arrogante en goddelose manier waarmee daar oor God se skepping gepraat word.
2. Daarom sal 'n mens by *in vitro* fertilisasie nie meer as twee embrio's bevrug nie. En altwee embrio's moet in die baarmoeder ingeplant word. As die Here wil mag daar dan 'n tweeling groei.

3. Die Here beskik oor die inplanting van die embrio's.
4. Geen embrio mag ingevries word vir sogenaamde latere gebruik nie. As die ma byvoorbeeld sou sterf of siek word, waar sal die embrio's dan ingeplant word?

As gelowiges moet ons dus ons vereistes tydens die uitvoer van hierdie tegniek eenvoudig stel. Dit moet vooraf met die dokters bespreek word. Hier volg 'n paar riglyne:

1. Geen donor-materiaal nie.
2. Slegs twee embrio's word bevrug.
3. Geen seleksie van embrio's van watter aard word gemaak nie.
4. Altwee embrio's word tydens dieselfde behandeling (dus binne 2-3 dae) in die eie moeder ingeplant. Surrogaatmoederskap word afgewys.
5. Geen embrio's word ingevries nie.
6. Hierdie riglyne geld, al kos dit baie meer geld as die standaard roetine manier.

Die gevaar is dat die dokters gewoon aangaan op die roetine manier en meer as twee embrio's bevrug. Sommige klinieke sal weens koste-oorewegings nie toestem om te behandel as bogenoemde vereistes deur ouers gestel word nie. In een hospitaal in Nederland byvoorbeeld, die Akademiese hospitaal van die Vrije Universiteit word hierdie versoek wel gehonoreer, maar by geen ander kliniek in Nederland nie. In Suid-Afrika sal hierdie versoek wel in die privaatsektor gehonoreer word, met finansiële implikasies vir die ouers.

Die gebruik van hierdie tegniek binne die huwelik wat die Here ingestel het, met duidelike voorsorgmaatreëls, mag deur gelowige ouers gebruik word tot diens in God se koninkryk.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Omgang met die belydenis

Ds HJCL Wilschut skryf in *Nader Bekeken* van November 2001 oor 'n 'forumdiskussie' wat op 11 Oktober 2001 in Kampen, Nederland gehou is. Die punt van bespreking was die omgang met die belydenis van die kerk.

Ds Wilschut rapporteer (vertaal):

Kwesbare punte in die omgang met die belydenis binne ons kerke sien ek soos volg:

- Die beperkte kennis van die inhoud van die belydenis in die gemeente, met name van die Dordtse Leerreëls. Met kennis bedoel ek nie slegs rasonale kennis nie, maar lewendige geloofskennis wat deurwerk in die persoonlike omgang met die Here.
- Sover ek kon beoordeel, neem die konfessionele verworteling van ons kerklike lewe af. Ek lei dit onder andere af uit die openheid wat jy by sommige lidmate ten gunste van denkbeelde uit die evangeliese beweging (charismatiese beweging – GJM) aantref. Die waarskuwingsfunksie van die gereformeerde belydenis tree terug en argeloosheid neem toe.
- Binne die predikante kring word die belydenis soms onder 'n vorm van kritiek gestel wat nie altyd vanpas en liefdevol klink nie. 'n Predikant wat op die preekstoel kritiek lewer op die

(vermeende) skolastieke karakter van Sondag 5 en 6 HK of op die uitleg van die tien gebooue, skep 'n klimaat waarbinne weerstand teen die belydenis kan groei.

Dit alles het tot gevolg dat daar binne die gereformeerde kerke iets soos 'n vertrouenskrisis dreig, sonder dat 'n mens direk oor konkrete afwyking van die belydenis kan praat.

Ds Wilschut stel die volgende remedie voor:

Vir die toekoms – so lyk dit my – is dit van belang om oor die volgende te dink:

- Samewerking aan 'n meer deurleefde geloofskennis van die gereformeerde belydenisgeskrifte (en dan uiteraard in betrokkenheid op die Skrif, waarvan die gereformeerde belydenis in diens wil staan), sodat die belydenis al meer en meer die uitdrukking van die lewende geloof van die gemeente word.
- Hierdie groei in kennis is prioriteit bo die opstel van nuwe belydenisgeskrifte. Prinsipiële kan daar niks teen die opstel van nuwe belydenisgeskrifte ingebring word nie. Solank 'n nuwe belydenis nie die huidige vervang nie. Daar is immers ook so iets soos 'n historiese kontinuïteit in die aksie van bely. Bowendien dreig by 'n nuwe belydenis verdere versplintering

van die gereformeerde wêreld. Laat ons dit wat ons het eers maar deeglik(er) ons eie maak.

• Ongetwyfeld is diskussie oor onderdele van die belydenis moontlik, veral wat formulering betref. Die diskussie moet egter nie op die kansel gevoer word nie. Werklike prinsipiële besware behoort op kerklike vergaderings tuis.

In elk geval moet die toenemende afname in kennis van die belydenisskrifte herstel word. Aan die een kant deur met die daad getrou te wees aan die Skrif en die gereformeerde belydenis sodat dit merkbaar is dat elke gelowige saam asemhaal in 'n gereformeerde klimaat. Aan die ander kant deur versigtig met mekaar en ook met die gemeente te wees. Liefdeloos-klinkende kritiek op die belydenis is onaanvaarbaar. Maar 'n mens mag ook geen onrus gevoelens aanwakker deur agter elke nie-alledaagse uitlating 'n kettery te vermoed nie.

Hier word spykers op die kop geslaan. 'n Kerk sonder 'n Skrifgegronde belydenis is soos 'n boot wat deur elke wind van

lering heen en weer geslinger word – en uiteindelik sink. Deurleefde kennis van die belydenis is 'n absolute moet vir elke gelowige. Dit beteken dat kategete die belydenis met hart en siel by die kerkjeug moet tuisbring. Verskonende opmerkings soos 'ons wil van ons kinders geen teoloë maak nie' durf nie gemaak word nie. By dit alles moet die Woordbediening aan die hand van die Kategismus, soos dit in Artikel 68 van die Kerkorde ooreengekom word, besondere aandag kry. Dit is verontrustend om in toenemende mate te verneem dat tweede eredienste afgeskaal word, en dat die sogenaamde Kategismusprediking in onbruik verval. Hoe gaan die gemeente op die vaste fondament van die leer staande bly as die leer nie met gesag en liefde verkondig word nie? Derdens kan gemeentes gerus oorweeg om 'n kursus vir belydende lidmate aan te bied. Die ryk inhoud van die Nederlandse Geloofs-belydenis en die Dordtse Leerreëls kan tydens so 'n kursus op 'n besonder sinvolle en opbouende manier weer in die harte van die belydende lidmate vasgemaak word.

KOFFIETAFEL-ACTA

Oor enkele maande vergader die nasionale sinode van die GKSA. Na afloop van die sinode word die besluite wat geneem is by wyse van sinodehandelinge (acta) aan al die kerke beskikbaar gestel. Die Handelinge van sinode 2000 bevat 577 bladsye: 'n lywige boek. Die vraag is al meermale gevra: Hoe toeganklik is hierdie besluite vir die breë kerkpubliek? Wie lees dit? Wie doen wat daarmee? Die Gereformeerde Kerke in Kanada het oor dieselfde vraag nagedink. Hulle antwoord blyk uit 'n redaksionele artikel van ds J Visscher in *Clarion* van 23 November 2001:

Baie van ons lesers het die afgelope tyd ontvangers van 'n gratis boek geword. Dit gebeur nie dikwels nie. Ongeveer elke drie jaar, teen die einde van die jaar, word 'n boek van 200-300 bladsye aan elke belydende lidmaat beskikbaar gestel. Wat is dit?, vra iemand. Dit is die handelinge van die Nasionale Sinode van die Kanadese Gereformeerde Kerke. Hoekom kry so baie mense die boek? En hoe is dit moontlik dat dit gratis beskikbaar gestel word? Dit is twee vrae. In die eerste plek – baie mense

ontvang dit omdat daar enkele jare gelede 'n besluit geneem is dat al die belydende lidmate in die kerke op hoogte gebring moet word van die besluite wat deur die meerdere vergadering in die kerke geneem is. Dit noem ek 'n goeie tradisie. In hierdie lewe is daar goeie en slegte tradisies – hierdie is 'n goeie een. Of dit die gewensde resultate oplewer, is 'n ander saak. Dit hang af van hoeveel belangstelling die lede in die besluite toon. In die tweede plek: die saak van kostes. Die meeste van ons lesers weet teen hierdie tyd dat daar nie so iets soos gratis etes in hierdie lewe is nie, net so min werklike gratis boekaanbiedings. As jy dus 'n bietjie skepties op hierdie punt is, is jy reg. Jy betaal nie direk vir die boek nie, wel indirek. Die koste word gedek deur die ramings vir die Nasionale Sinode. Ek moet my egter haas om te sê dat dit steeds 'n goeie kopie is.

Sou so-iets ook by ons moontlik wees? Wat van 'n verkorte weergawe van die handelinge, wat spesiaal vir lidmate bedoel is? Dit kan die aktiewe meelewing in die kerkverband alleen maar bevorder.

GEBED VAN CALVYN¹

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 19:1-5* en dan veral vers 5:

En hulle het die hoogtes van Baäl gebou om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl – iets wat Ek nie beveel of uitgespreek het nie, of wat in my hart nie opgekom het nie.

Almagtige God,

U het uit genade vir ons die weg gewys, waarop ons nie kan dwaal, wanneer ons U volg nie. Help ons daarom, dat ons U van harte graag volg, bereid om te leer en om te gehoorsaam. Laat ons slegs handel na u wil wat U aan ons bekend gemaak het. Gee dat ons nie na links en nie na regs afwyk nie, maar vashou aan die godsdiens wat U ons in u Woord beveel. Dan kan ons getuig voor die wêreld, voor Usself en voor u engele, dat ons U in gehoorsaamheid gevolg het. Gee dat ons niks daaraan uit onself toevoeg nie, maar met 'n stil gees U alleen dien en dat ons strewe om onself geheel en al aan U te onderwerp, totdat ons uiteindelik ons lewenspad in gehoorsaamheid en geregtigheid afgelê het en tot die salige rus kom, wat u Seun deur sy eie bloed vir ons verwerf het.

Amen.

¹ Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.